# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

==========================

THURSDAY, 12 SEPTEMBER 2024

1. The House met at 14:15.

2. The Deputy Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:16] The Deputy Speaker made a general announcement regarding the logistical arrangements for the sitting taking place.

4. [14:17] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved without notice: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), precedence be given to the Matter of Public Importance.

   Agreed to.

5. [14:18] The House discussed the following Matter of Public Importance in the name of Hon B Herron:

   The impact of the national fiscal emergency on post provisioning in the Western Cape Education Department.

   Debate concluded.

6. [15:20] Interpellations.

7. [15:57] Questions.

8. [16:58] Questions to the Premier without notice.

9. [17:18] Statements by Members.

10. [17:39] Response to statements by Members by Mr D J Maynier, Minister of Education.

11. [17:40] Motions with Notice *(in accordance with Standing Rule 151).*

    The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

12. [17:41] Motions without Notice *(in accordance with Standing Rule 150).*

13. Ms W F Kaizer-Philander moved without notice: That the House congratulates the Directorate for Priority Crime Investigation (Hawks) for successfully bringing charges against Yamkelo Jacobs, who in 2017 robbed a supermarket in Parow of R4 million which was intended for SASSA beneficiaries.

Agreed to.

14. Mr F Kamfer moved without notice: That the House notes with deep concern that on the early morning of September 3, 2024, Mr. Husain Mukadam, a 72-year-old elderly man, was the victim of a horrific burglary at his home on President Brand Street, Panorama; notes further that Mr. Mukadam was subjected to an abhorrent act of violence when three individuals forcibly entered his residence, bound him, and subjected him to physical assault, which resulted in untimely death; extends deepest condolences to Mr. Mukadam's family, especially his grieving wife, Hasiena, and their son, Mustafa Mukadam, who have endured unimaginable distress during this painful time; and calls on SAPS to undertake an exhaustive and rigorous investigation to identify and apprehend the perpetrators.

Agreed to.

15. Ms P Z Lekker moved without notice: That the House notes with grave concern the brutal murder of 23 year old Nadia Britz, whose body was discovered under horrific circumstances in Heinz Park On August 26, 2024; further notes that the brutal nature of her death—strangulation followed by severe blunt force trauma—has shocked the community and left her family and loved ones in profound grief; welcomes the arrest of Deon Williams, who has been charged in connection with Nadia Britz’s murder; and extends heartfelt condolences to Nadia Britz’s family during this immensely difficult time

Agreed to.

16. Ms R Windvogel moved without notice: That the House notes and celebrates a remarkable individual whose unwavering dedication and selfless work have made a significant impact on our community; notes further with pride that Jackye Majawie, a prominent LGBTQI+ activist from Delft, has been honored with the LGBTQI+ Community Activist 2024 Award by Cape Town Pride, a testament to Jackye’s tireless efforts and profound commitment to advocating for the rights and safety of the LGBTQI+ community; celebrates Jackye’s achievements and continue to support her vital work; and extends heartfelt congratulations to Jackye Majawie for this prestigious honor.

Agreed to.

17. Mr D W Jacobs moved without notice: That the House notes, as a matter of urgent concern, the recent arrest and subsequent court appearance of officials of the City of Cape Town and a former member of the Mayoral Committee (Mayco) for Human Settlements; notes that the allegations in question pertain to corruption, extortion and serious misconduct in the Human Settlements sector; notes that it has come to light that some individuals have been on the housing beneficiary list for over 20 years; notes that the presence of corruption in these departments poses a significant threat to the realisation of the community’s housing aspirations and undermines the integrity of the public service; and unequivocally denounces such actions and expresses our commitment to addressing and rectifying these issues to safeguard the interests and hopes of our community.

Agreed to

18. Ms R Windvogel moved without notice: That the House notes that September is national Suicide Prevention Month, a critical time to raise awareness about mental health issues and the urgent need for effective suicide prevention strategies; further notes with concern the significant increase in mental health challenges, exacerbated by the COVID-19 pandemic, that has led to a rise in the prevalence of psychiatric illnesses and suicide rates in the Western Cape; acknowledges the alarming statistics that approximately 280 000 suicide attempts occur annually in South Africa, which highlights a silent crisis that demands immediate attention and action; and calls on the Western Cape Government to implement and enhance mental health support programmes that focus on prevention and early intervention strategies.

    Agreed to.

19. Ms P Z Lekker moved without notice: That the House expresses its deepest shock and outrage at the tragic shooting that occurred yesterday at a barber shop in Brown's Farm, Philippi, which resulted in multiple injuries and fatalities; condemns in the strongest possible terms the violence that continues to plague our poor working-class communities in the Western Cape; acknowledges that such acts of violence not only cause immense suffering to families but also instil fear in the community, undermine the safety and security that every resident deserves and are a grave reminder of the urgent need for effective crime prevention measures in our communities; calls on the South African Police Service (SAPS) to expedite their investigation into this shooting to identify and apprehend the perpetrators of this heinous crime; and conveys condolences to the families of the deceased.

    Agreed to.

20. Ms R Windvogel moved without notice: That the House notes with concern the recent confirmation of a second case of monkeypox (mpox) in the Western Cape involving a 38-year-old male patient who sought medical attention at a private practice in Cape Town; further notes that this case raises significant public health concerns, particularly as the patient has no recent history of international travel or contact with a suspected or confirmed mpox case, suggesting possible local transmission of the virus; commends the Department of Health and Wellness for their swift response in activating the outbreak response team and initiating contact tracing and monitoring activities; urges all identified and suspected contacts to cooperate fully with health officials during the contact tracing process to prevent the further transmission of this disease; and calls on the provincial government to prioritise public awareness campaigns to educate the community about the symptoms, transmission and prevention of mpox.

    Agreed to.

21. [17:55] The Deputy Speaker gave a ruling on a point of order raised by Hon Members during the debate in the House on 5 September 2024 and requested the Hon Member Windvogel to withdraw the remark.

    Whereupon the Hon Member Windvogel withdrew the remark

22. The House adjourned at 18:00.

Digitally signed by Romeo Adams
Date: 2024.09.20 16:42:31 +02'00'

ROMEO ADAMS
Secretary to Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

==========================

DONDERDAG, 12 SEPTEMBER 2024

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Adjunkspeaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:16] Die Adjunkspeaker maak ŉ algemene aankondiging oor die logistieke reëlings vir die sitting wat plaasvind.

4. [14:17] Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman) stel sonder kennisgewing voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 20(1), die Aangeleentheid van Openbare Belang voorrang het.

   Goedgekeur.

5. [14:18] Die Huis bespreek die volgende Aangeleentheid van Openbare Belang in die naam van agb B Herron:

   Die impak van die nasionale fiskale noodsituasie op die voorsiening van poste in die Wes-Kaapse Onderwysdepartement.

   Debat afgesluit.

6. [15:20] Interpellasies.

7. [15:57] Vrae.

8. [16:58] Questions to the Premier without notice.

9. [17:18] Verklarings deur Lede.

10. [17:39] Reaksie op verklarings deur Lede deur mnr D J Maynier, Minister van Onderwys.

11. [17:40] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151).*

    Die Speaker doen ŉ aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

12. [17:41] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

13. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoeke (Valke) gelukwens met die suksesvolle lê van aanklagte teen Yamkelo Jacobs wat in 2017 ŉ supermark in Parow van R4 miljoen beroof het wat vir Sassa-begunstigdes bedoel was.

    Goedgekeur.

14. Mnr F Kamfer stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem dat mnr Husain Mukadam, ŉ 72-jarige bejaarde man, in die vroeë oggendure van 3 September 2024 die slagoffer van ŉ grusame inbraak by sy huis in President Brandstraat, Panorama, was; verder kennis neem dat mnr Mukadam onderwerp is aan ŉ afskuwelike geweldsdaad toe drie individue sy woning met geweld binnegekom het, hom vasgebind en hom liggaamlik aangerand het, wat tot sy ontydige dood gelei het; innige meegevoel betuig met mnr Mukadam se familie, veral sy bedroefde vrou, Hasiena, en hul seun, Mustafa, wat ondenkbare droefheid in hierdie hartseer tyd beleef het; en ŉ beroep op die SAPD doen om ŉ omvattende en nougesette ondersoek te loods om die oortreders te identifiseer en aan te keer.

    Goedgekeur.

15. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met ernstige kommer kennis neem van die wrede moord op die 23-jarige Nadia Britz, wie se liggaam op 26 Augustus 2024 onder haglike omstandighede in Heinzpark ontdek is; verder kennis neem dat die brutale aard van haar dood – verwurging gevolg deur erge stompgeweldtrauma – die gemeenskap geskok het en haar familie en geliefdes diep hartseer gelaat het; die inhegtenisneming van Deon Williams verwelkom wat in verband met Nadia Britz se moord aangekla is; en innige meegevoel betuig met Nadia Britz se familie gedurende hierdie uiters moeilike tyd.

    Goedgekeur.

16. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en Jackye Majawie, ŉ merkwaardige individu wie se onwrikbare toewyding en onbaatsugtige werk ŉ betekenisvolle impak op ons gemeenskap gemaak het, vier; verder met trots kennis neem dat Jackye Majawie, ŉ prominente LGBTQI+-aktivis van Delft, met die "LGBTQI+ Community Activist 2024"-toekenning deur Cape Town Pride vereer is, ŉ bewys van Jackye se onvermoeide pogings en diepgaande toewyding om vir die regte en veiligheid van die LGBTQI+-gemeenskap voorspraak te doen; Jackye se prestasies vier en voortgaan om haar lewensbelangrike werk te ondersteun; en Jackye Majawie opreg gelukwens met hierdie gesogte eerbewys.

    Goedgekeur.

17. Mnr D W Jacobs stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis, as ŉ saak van dringende aandag, kennis neem van die onlangse inhegtenisneming en daaropvolgende hofverskyning van amptenare van die Stad Kaapstad en ŉ voormalige lid van die Burgemeesterskomitee (Mayco) vir Menslike Nedersettings; kennis neem dat die betrokke bewerings verband hou met korrupsie, afpersing en ernstige wangedrag in die menslikenedersettingsektor; kennis neem dat dit aan die lig gekom het dat sommige individue al vir meer as 20 jaar op die lys van behuisingsbegunstigdes is; kennis neem dat die voorkoms van korrupsie in hierdie departemente ŉ beduidende bedreiging vir die verwesenliking van die gemeenskap se behuisingsverwagtings inhou en die integriteit van die staatsdiens ondermyn; en sulke optrede onomwonde veroordeel en ons verbintenis uitspreek om aan hierdie kwessies aandag te skenk en dit reg te stel om die belange en hoop van ons gemeenskap te beskerm.

    Goedgekeur.

18. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat September nasionale Selfdoodvoorkomingsmaand is, ŉ kritieke tyd om bewustheid aan te wakker oor geestesgesondheidskwessies en die dringende behoefte aan doeltreffende selfdoodvoorkomingstrategieë; verder met kommer kennis neem van die aansienlike toename in geestesgesondheidsuitdagings, wat deur die COVID-19-pandemie vererger, wat tot ŉ styging in die voorkoms van psigiatriese siektes en die selfdoodsyfer in die Wes-

Kaap gelei het; erkenning gee aan die kommerwekkende statistiek dat ongeveer 280 000 selfdoodpogings jaarliks in Suid-Afrika voorkom, wat ŉ stille krisis uitlig wat onmiddellike aandag en optrede vereis; en ŉ beroep op die Wes-Kaapse Regering doen om geestesgesondheidsondersteuningsprogramme te implementeer en te verbeter wat op voorkoming en vroeëingrypingstrategieë fokus.

Goedgekeur.

19. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy diepste skok en verontwaardiging uitspreek oor die tragiese skietery wat gister by ŉ barbierwinkel in Brown's Farm, Philippi, plaasgevind het, wat verskeie beserings en sterftes tot gevolg gehad het; die geweld wat steeds ons arm werkersklasgemeenskappe in die Wes-Kaap teister, ten sterkste veroordeel; erkenning gee dat sulke gewelddade nie net uiterste lyding vir families veroorsaak nie, maar ook vrees in die gemeenskap inboesem, die veiligheid en sekuriteit ondermyn wat elke inwoner verdien, en ŉ ernstige herinnering is aan die dringende behoefte aan doeltreffende misdaadvoorkomingsmaatreëls in ons gemeenskappe; ŉ beroep op die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) doen om hul ondersoek na hierdie skietery te bespoedig om die oortreders van hierdie gruwelike misdaad te identifiseer en vas te trek; en meegevoel betuig met die families van die oorledenes.

Goedgekeur.

20. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met kommer kennis neem van die onlangse bevestiging van ŉ tweede geval van apokke (mpox) in die Wes-Kaap waarby ŉ 38-jarige manlike pasiënt betrokke is wat mediese hulp by ŉ privaat praktyk in Kaapstad gesoek het; verder kennis neem dat hierdie geval aansienlike kommer oor openbare gesondheid wek, veral aangesien die pasiënt geen onlangse geskiedenis van internasionale reis of kontak met ŉ vermoedelike of bevestigde geval van apokke gehad het nie, wat moontlik op plaaslike oordrag van die virus dui; die Departement van Gesondheid en Welstand aanprys vir sy vinnige reaksie in die aktivering van die uitbreekreaksiespan en die inisiëring van kontakopsporing en -moniteringaktiwiteite; alle geïdentifiseerde en vermeende kontakte aanmoedig om ten volle met gesondheidsbeamptes tydens die kontakopsporingsproses saam te werk om die verdere oordrag van hierdie siekte te voorkom; en ŉ beroep op die provinsiale regering doen om openbare bewusmakingsveldtogte te prioritiseer om die gemeenskap oor die simptome, oordrag en voorkoming van apokke op te voed.

Goedgekeur.

21. [17:55] Die Adjunkspeaker het tydens die debat in die Huis op 5 September 2024 uitspraak gelewer oor 'n punt van orde wat deur die agbare lede geopper is en die agbare lid Windvogel versoek om die opmerking terug te trek.

Waarop die agbare lid Windvogel die opmerking terugtrek

22. Die Huis verdaag om 18:00.

ROMEO ADAMS
Sekretaris van die Provinsiale Parlement